BEDRYFSEKONOMIE HG **NOVEMBER 2006**

1. ALGEMEEN

Die eerste nasionale Bedryfsekonomie HG vraestel het die volgende aan die lig gebring:

POSITIEF

(a) ‘n Eenvormige standaard in al die provinsies.
(b) Onsekerhede wat om te verwag is uit die weg geruim deur ‘n goeie standaard vraestel.
(c) Die gevallestudies in die vraestel was baie aktueel gewees en kandidate kon hul daarmee vereenselwig.

NEGATIEF

(a) Kandidate en opvoeders was nie voorbereid op die manier van toekenning van insigpunte in Afdeling B nie.
(b) Kandidate het ook nie geweet hoeveel feite om weer te gee in die opsteltipe vrae van Afdeling B nie.
(c) Kandidate maak nie van paragrawe, sub-afdelings, inleiding en slot gebruik as hul die opsteltipe vrae in Afdeling B beantwoord nie.
(d) Spelling en slordige handskrif blyk nog ‘n baie groot probleem te wees.
(e) Instruksies word nie duidelik nagevolg deur kandidate nie.
(f) Kandidate is nie bewus van huidige tendense in die sakewêreld nie.
(g) Dit is duidelik dat opvoeders ‘n handboek volg en nie die sillabus aan die kandidate voorhou nie.
(h) Opvoeders maak slegs van een handboek gebruik en vul dit nie met ander aan nie.
(i) Al die modules kry nie gelyke aandag van opvoeders nie.
(j) In Afdeling C waar vrae 3 punte per feit getel het, het kandidate nie genoegsame feite voorsien om die volle punte te verdien nie.

AANBEVELINGS

(a) Spandeer meer tyd in die onderrig van vraestel beantwoording.
(b) ALLE Afdeling B vrae moet ‘n inleiding, inhoud (met gepaste onderafdelings en/of opskrifte) en ‘n slot bevat.
(c) Kandidate moet geleer word hoe om huidige tendense in die sakewêreld toe te pas in die beantwoordeling van Afdeling B vrae.
(d) GEEN modules kan uitgelos word in die voorbereiding vir die graad 12 eksamen nie.

VRAESTEL 2006

(a) AFDELING A

In die geheel goed beantwoord.

1.2 Kandidate het gesukkel om ONWAAR – stellings te korrigeer, veral 1.2.2.

(b) AFDELING B

Vraag 2

'n Baie gewilde vraag wat goed beantwoord is. Kandidate het hul punte verloor by die toekenning van die sintese punt onder insig. (Vergelyk BK met ander ondernemingsvorme)

Vraag 3

'n Vraag met meer as genoeg feite om weer te gee, maar kandidate het gesukkel om dit logies te beantwoord.

Vraag 4

'n Vraag wat of baie goed of baie swak deur kandidate beantwoord is. Kandidate het weer punte verloor by die sintese gedeelte van die insigpunte. (Byvoorbeeld sensuur, ASA, toekennings, etiek)

Vraag 5

'n Gewilde vraag, maar kandidate kon nie beplanning tot verhouding met ander elemente van bestuur bespreek nie.

(C) AFDELING C

Vraag 6

'n Baie gewilde vraag.

6.3 – In die beantwoording van die tabel, is antwoorde nie met dieselfde eienskap vergelyk nie. Slegs die linker kant van die tabel is dan gemerk.

Vraag 7

'n Goed beantwoorde vraag.

7.1.3 – Kandidate ken nie die voordele van konsessies nie.
7.2.3 – Kandidate verwar die vereistes van verpakking met die vereistes van handelsmerke.

Vraag 8

Kandidate het met die berekeninge in die vraag gesukkel.

8.1.5 en 8.1.6 se berekenings verdien baie meer aandag.
8.3 – Kandidate kon nie hul eie mening en motivering van oorkapitalisasie gee nie.

Vraag 9

Nie ‘n gewilde vraag wat ‘n aanduiding is dat opvoeders nie genoegsame aandag aan die module gee nie.

9.2 Uiters swak beantwoord.

Vraag 10

‘n Gewilde vraag MAAR weer eens kon die kandidate nie die berekeninge doen nie.

10.1.1 tot 10.1.4 – Kandidate moet alle berekeninge toon en nie net ‘n antwoord verskaf nie, ten dien einde berekeningspunte te verdien.

10.2.3 – Kandidate het die vraag verkeerd geinterpreteer.

Vraag 11

‘n Gewilde vraag. Kandidate moes slegs VYF van die gegewe SEWE vrae beantwoord het en het dus nie hul instruksies gelees nie.

11.6 – Uiters swak beantwoord.